

23 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-8

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:2

Onderrig deur leraars

Paulus is besig met afsluiting, nie net van sy brief aan Timoteus nie, maar ook van sy bediening as apostel en selfs van sy lewe. Hy is na alle waarskynlikheid kort hierna onthoof. Omdat hy sy dood sien kom het, en blykbaar geweet het dat hy die lewenswedloop voltooi het, het hy met hierdie brief en in besonder met hierdie woorde die "aflosstok" na Timoteus aangegee. Timoteus moet nou met die evangelieboodskap verder!

Die lewe en werk van elke leraar behels die voortdurende bepaling van prioriteite. Op hierdie stadium moes Paulus uiteraard prioritiseer. Hy moes besluit: Wat is die heel belangrikste opdrag wat hy op hierdie stadium vir Timoteus kan gee? Luister wat sê Paulus: *Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en dooies sal oordeel ... Verkondig die woord ...*

Paulus se opdrag is: *Verkondig die woord*. Hy kan die opdrag gesagvol gee, want hy grond sy opdrag in Jesus Christus, die Koning en die Regter wat weer gaan kom. Hy wil hê Timoteus moet goed begryp dat hy wat die evangelie nou verder moet dra, voor die Here staan. Timoteus sal aan Hom verantwoording oor sy werk as verkondiger van die Woord moet doen.

Omdat hierdie so 'n geweldige opdrag is, gaan Paulus voort om aan Timoteus te verduidelik wat die verkondiging van die Woord alles behels. Hy sê Timoteus moet in die eerste plek daarmee volhou – tydig en ontydig! Ja, selfs al word die Woord nie so gunstig ontvang nie, en selfs al laat dit mense ongemaklik voel, moet Timoteus as leraar steeds daarmee volhou. In die tweede plek moet Timoteus die Woord op so 'n manier verkondig dat hy in die proses mense van die waarheid, dit wil sê van die Here Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker, sal oortuig. Hy moet in dié proses die dwalinge wat bestaan, doeltreffend weerlê. In die derde plek moet Timoteus die mense wat ongehoorsaam en ontrou is, met die lig van die Woord bestraf. Dit gaan nie oor sy amp wat hy beklee of die gesag wat hy het nie. Die mense met wie hy praat, moet egter hulle eie sonde in die lig van die Woord raaksien. Die Woord veroordeel egter nie net sonde nie. Nee, mense het bemoediging ook nodig. Met geduld en deursettingsvermoë moet Timoteus op so 'n manier onderrig gee dat mense vir hulle taak as gelowiges bemoedig en versterk word.

Word u so deur u leraar onderrig dat u die waarheid ken en daarom diensbaar is in die Here se koninkryk?

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2, 3

Dr. DJ de Kock (Krokodilrivier)